

DIE MENS IS GOD SE BEELD

1. God maak die mens se beeld

Genesis 1 vertel ons hoe spesiaal God mense gemaak het. Hierdie spesiale manier waarop God mense gemaak het, word in verse 26 tot 28 beskryf:

²⁶ *Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, Ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”* ²⁷ *God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.* ²⁸ *Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”*

2. Kom ons maak beeldjies

Om hierdie woorde se betekenis te ontdek, gaan ons vanoggend eers iets doen. Hier is klei. Elkeen kan 'n stukkie klei vat en dan enige dier of voorwerp uit die klei maak. Kom ons gee geleentheid dat elkeen gou iets kan maak en dan vir ons sê wat dit is wat hy gemaak het.

3. Ons kleibeeldjies: ons het dit gemaak, dis ons s'n

Kom ons kyk nou na hierdie kleibeeldjies wat ons gemaak het. Ons het klei gevat en 'n beeldjie gemaak van wat ons ook al voor ons sien.

Hoekom noem jy hierdie beeldjie wat jy gemaak het jou kleibeeldjie? As jy dit so in jou hand hou en jy sê: “Hierdie is my beeldjie”, wat bedoel jy?

Bedoel jy dat jy soos hierdie beeldjie lyk? Is hierdie kleibeeldjie 'n uitbeelding van hoe jy lyk?

Dit is heeltemal verspot om so te dink.

'n Mens sê dit is jou beeldjie omdat jy dit gemaak het en omdat dit aan jou behoort.

4. God het ons gemaak

Hoekom noem God die mens Sy beeld? Omdat mense 'n uitbeelding is van hoe God lyk? Nee! God is onsigbaar, onbegrens, almagtig, alwetend, ewig en Gees. Mense is sigbaar, beperk, begrens en vleis. Ons is nie uitbeeldings van hoe God lyk nie.

Ons is God se beeld omdat Hy ons Maker is. Net soos jy kan sê hierdie klei is jou beeldjie, omdat jy dit gemaak het, net so sê God ons is Sy beeld, Hy is ons Maker.

Dit is die wonder van elke mens – God is sy Maker. Dit is hoe jy jouself en ander mense moet ontdek. As jy sien hoe wonderlik jou liggaam is, hoe wonderlik dit is dat jou liggaam groei, jou teen kieme verdedig, jou sere gesond maak, dan ontdek jy dat God jou Maker is. As jy sien hoe wonderlik die mens se gevoel en se geesteslewe is – hoe mense dinge kan aanvoel, dan sien jy hoe wonderlik jou Maker jou gemaak het.

As jy sien hoe magtig jou gedagtes en wil is om te kan doen en bereik wat niks anders kan nie – om petrol uit ou fossiele te maak, om motors van yster te maak, om ysterbote te maak wat op water kan vaar, om te kan maak dat 'n mens met mikrogolwe sommer so oor die lug met 'n selfoon met iemand kan praat – dan ontdek jy hoe wonderlik God die mens gemaak het.

'Ons is God se beeld' beteken Hy is ons Maker, en Hy het ons wonderlik gemaak.

5. Ons behoort aan God

As jy jou kleibeeld so in jou hand vashou en jy sê: "Hierdie is my beeld." Wat bedoel jy? Bedoel jy om te sê jy lyk soos die beeldjie wat jy gemaak het, of bedoel jy eerder dat, omdat jy dit gemaak het, is dit joune?

As God mense maak in Genesis 1 en Hy sê dis Sy beeld, wat bedoel God? Bedoel Hy ons lyk soos Hy, of dat die mens aan God behoort?

God bedoel dat ons aan Hom behoort!

Dit is die mees spesiale kenmerk van mense: hulle wil aan hulle Maker behoort. Dit is hoe God ons Sy beeld gemaak het. Ons het 'n gees binne-in ons waarmee ons aan God, ons Maker, wil behoort.

Dis amper soos om jou pa en ma se seun en dogter te wees. 'n Kind het hierdie wete binne-in hom of haar: ek is my pa se seun! Ek is my ma se dogter! Ek is nie maar net sommer net nie. Ek is my pa s'n en my ma s'n.

Net so het God die mens gemaak – die mens se mees kenmerkende eienskap is – hy wil aan sy Skepper behoort. Die mens wil kan sê: "Ek behoort aan my Here! Ek is Syne!"

6. Elke en alle mense is God se beeld

Elke mens en alle mense is God se beeld. Hy het die Europeërs, die Arabiere, die Sjinese, die Afrikane, die Indiane en die Indiërs almal so gemaak: hulle is Sy beeld.

Elke mens wat bestaan is God se beeld. Daar is niemand wat kan sê hy is nie deur God gemaak nie, of God het Hom nie gemaak om aan Hom te behoort nie.

7. Ons is God se beeld: Hy gebruik ons waarvoor Hy wil

Kom ons hou weer ons kleibeeldjies in ons hande. Wat kan jy met jou kleibeeldjie doen?

Net wat jy wil! Dis joune, jy het hom gemaak en jy kan daarmee doen wat jy wil.

Kyk weer na verse 26 en 27! Hier word gesê God het ons gemaak om Sy verteenwoordigers te wees. Dit beteken God maak met ons wat Hy wil en Hy het ons so gemaak dat ons kan doen wat Hy wil hê ons moet doen.

Hy sit ons waar Hy ons wil sit, Hy laat ons lyk soos ons lyk, Hy gebruik ons waarvoor Hy ons wil gebruik en Hy vat ons waarheen Hy ons ook al wil vat. God het ons ook so gemaak dat ons ons plek kan inneem waar Hy ons sit, dat ons wil wees soos Hy ons wil hê, dat ons wil doen wat Hy ons voor wil gebruik en dat ons wil gaan waarheen God ons neem.

Hierdie manier waarop God ons gemaak het, beteken ons is Sy beeld: ons behoort aan Hom en Hy maak met ons wat Hy wil!

Hy maak my 'n man of 'n vrou en dan wil ek man of vrou wees. Hy sit my in Afrika en dan wil ek in Afrika leef. Hy plaas my in 'n posisie om 'n pa, 'n ma of 'n kind te wees en dan wil ek graag 'n pa, 'n ma of 'n kind wees. Hy roep my om te bou, te skryf, te leer, te lees en dan wil ek dit graag doen.

Omdat God ons so maak en gebruik, kan ons bely ons is Sy verteenwoordigers.

Wat beteken dit? Dit beteken dat dit God is wat stede bou, God is wat lande regeer, God is wat kinders grootmaak, God is wat mense opvoed en laat leer, dat dit God is wat masjiene maak en gebruik om mense te vat waar Hy hulle wil hê en die manier waarop God dit doen is – deur Sy beeld: die mens.

Daarom sê God vir die mens dat hy oor die aarde moet heers: deur die mens wat oor die aarde kan heers te gebruik as Sy beeld, is God besig om alles te bou, te leer, te laat beweeg en in plek te sit soos Hy wil. Dit doen Hy deur Sy beeld: die mens.

Dit maak ons baie spesiaal – nie 'n boom, 'n dier of enige iets anders kan só aan God gehoort en deur God gebruik word nie: net mense!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het.

Handtekening: ouer of voog.